



Afrikaanse Protestantse Kerk

Direkteur van Kerkadministrasie:
Ds. J.L. Schütte

GJJ van Rensburg
20 September 2021

OMSENBRIEF 7/2021

AAN ALLE KASSIERE, SKRIBAS EN VOORSITTERS VAN KERKRADE

Geagte Broer / Suster

1. MEDIESE FONDS- EN PENSIOENFONDSBYDRAES

Tydens die Sinode van 8 – 13 September 1997 gehou, is daar goedkeuring verleen ten opsigte van die wyse van bogemelde betalings.

Die Sinodebesluit 2.3.1.1 (bl. 326) het betrekking en word derhalwe aangehaal:

“Die sinode gee opdrag aan die Afdeling Finansies dat slegs die kerkrade wie se maandelikse bydraes tot die pensioenfonds en/of die mediese skema vooraf op die eerste dag van elke maand by die Sentrale Kerkkantoor inbetaal word, aan die betrokke instansie oorbetal word.”

‘n Vriendelike, dog ernstige beroep word op u gedoen om toe te sien dat die maandelikse mediese en pensioenpremies betyds oorbetal word aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor. Dit is tog logies dat die Gemeenskaplike Kerkkantoor eers die nodige premies moet ontvang **VOORDAT** enige oorbetalings aan die onderskeie instansies gedoen kan word. Ongelukkig het die afgelope jaar se finansiële situasie in die land, as gevolg van COVID-19, ook die finansies van die Gemeenskaplike Kerkkantoor beïnvloed en die Gemeenskaplike Kerkkantoor kan nie vir u agterstallige premie of premie wat laat ontvang word, instaan nie.

Let asseblief ook op die volgende:

- * Medies is **VOORUITBETAALBAAR** – bv. vir Januarie maand betaalbaar aan die **begin** van Januarie
- * Pensioen is **TERUGWERKEND** – bv. vir Januarie maand betaalbaar aan die **einde** van Januarie

Indien geen premies ontvang word voor of op die eerste dag van elke maand nie, sal daar ongelukkig geen oorbetalings aan die betrokke instansies gedoen kan word nie. Dus sal die leraar blootgestel word aan die opskorting van sy mediese lidmaatskap asook ‘n boete betaalbaar indien die pensioen laat oorbetal word aan die pensioenskema. Die lid sal dienoreenkomstig in kennis gestel word dat geen premie oorbetal is nie.

Gemeentes wie nog nie gebruik maak van die debietorderstelsel nie, word aangemoedig om wel hiervan gebruik te maak. Hierdie stelsel bied ‘n groot voordeel vir elke gemeente in dié opsig, dat alle mediese fonds- en pensioenfondsbydraes per debietorder van ‘n gemeente se bankrekening afgetrek sal word en u dus nie meer direk in die GKK se rekening die betaling te hoof deponeer nie. ***Dit verseker dat die maandelikse mediese en pensioenpremies betyds verhaal word en dan oorbetal kan word aan die onderskeie instansies.*** Op hierdie manier spaar u ook bankkoste wat

deur die GKK betaal word. Die nodige inligting en Magtigingsvorme wat deur gemeentes voltooi moet word is op aanvraag beskikbaar.

2. KANSELLERING VAN DIE FAKSLYN

Neem asseblief kennis dat die fakslyn (faksnommer 012-3622023) van die Gemeenskaplike Kerkkantoor gekanselleer is. Vir dié gemeentes wat gebruik gemaak het van die fakslyn, moedig ons aan om alle finansiële dokumentasie na een van die volgende epos adresse te stuur: madeleen.leroux@apkerk.co.za of bennie.potgieter@apkerk.co.za. Verander asseblief die faks-kennisgewing op u bank om bewys van betaling na die epos adres toe te stuur.

3. RIGLYN VIR DIE VERGOEDING VAN LERAARS EN STUDENTE VIR WOORDBEDIENING IN GEMEENTES

Die Sentrale Kerkekommissie stel die riglyn vir 'n preek vas op R750-00 per geleentheid en daarmee saam die reiskoste teen R5-00 per kilometer, die heersende tarief.

Ek maak staat op u vriendelike samewerking!

Seën en sterkte met u werksaamhede in u gemeente.

Vriendelike groete,

Geteken: GJJ van Rensburg

n. Direkteur van kerkadministrasie